



# Die Pad van Waarheid tot die Lewe

## Die PWL Bybel - Vertalingsverskille

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Sh'ma Yisra'el Yahuah eloheinu Yahuah egad.

Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is een

### Verskille in die Tanakh (OT)

1. Die belangrikste verskil is dat die Vader se Naam meer as 6000 keer in die ander vertalings se Ou Testamente (Tanakh) vervang is met Heer of Here. יהוה is hier in die Tanakh herstel volgens die Hebreus.
2. Die volgorde van die boeke is volgens die Hebreuse Tanakh se volgorde.
3. Daar is 'n paar hoofstukke- en vers-verskille as gevolg van verskille tussen die MT en die Aramese tekste. Baie Psalms het 'n vers 1 by wat die verse een aanskuif.
4. Dit word algemeen aanvaar dat die Tanakh in Hebreus geskryf is – of is dit? – Het die taal bestaan in die tyd van Moshe? Die verskil kom egter in by die kopië wat gemaak is vanaf wat ookal die oorspronklike was. Ek is redelik oortuig dat die oudste kopie, waarvan die huidige bekende kopië gemaak is, in 'n ou Hebreus was. Die Masoretiese (MT), Aramese (POT) en Griekse (LXX) weergawes is vanaf hierdie oorspronklike gemaak. Die algemeen aanvaarde Hebreuse teks is die Masoretiese teks. Dit is egter problematies aangesien die Masoretiese teks (MT) eers in ongeveer die elfde eeu na Yeshua voltooi en ongelukkig vol foute is. Tydens die tyd van Negemyah en later, kon die meerderheid Yisra'eliete nie meer die lees van die antieke Hebreus verstaan nie en die Tanakh is in Aramees (POT) asook 'n Griekse weergawe (Septuagint - LXX) vertaal en albei is voltooi in die eerste eeu voor Yeshua. 'n Nuwe Hebreuse weergawe – die MT, is ook later gedoen wat lank na Yeshua se koms eers voltooi is.
5. Die Aramees (POT) is vertaal deur Masorete, genoem “Medinkha'e” (Masorete van die Ooste) en die MT is vertaal deur "Ma'arba'e" (Masorete van die Weste).
6. Die MT is bekend vir inkonsekwente getalle. Die POT en LXX het baie van hierdie probleme opgelos. Die getalle in Kronieke en Konings wat verskil het, is nou in die 2 boeke dieselfde.
7. **Yesha'yahu 8:20** – Die MT gebruik: שחר (shachar) wat dikwels vertaal word met “oggend”, “lig” of “sonsopkoms”. Die POT en LXX gebruik: שחר (שחר) wat vertaal is as “omkoopgeskenk”, “geskenk” of “beloning”. Die Dooie See rolle het hierdie verskil kom oplos en stem saam met die POT – omkoopgeskenk - duidelik 'n leesfout wat algemeen gemaak word tussen resh en dalet in die Ktav Ashuri; die skrif wat jy as Hebreus ken.

8. Die boek "Ester" het 'n hele lys verskille wat moontlik aandui dat dit oorspronklik in Aramees geskryf is. Ek is ook van oortuiging dat baie meer boeke in Aramees geskryf is en het ook dikwels eerder die Aramees gebruik. Dani'el, Hagai, Z'kharyah, Ester, die Kronieke, `Ezra, Negemyah en Mal'akhi is bes moontlik in Aramees geskryf tussen 530 en 430 voor Yeshua en toe in Hebreeus vertaal.
9. 'n Groot probleem met die MT, waarvan meeste moderne vertalings kom, is dat daar 'rondgespeel' is met die Messiaanse profesie, soos: "My hande deurboor" en die "maagd" konsep. Hoe weet ons dit? Die POT en LXX behou albei die Messiaanse profesie. Aangesien hulle voor die koms van Yeshua gedoen is, is die moontlikheid minder dat dit aangepas is as met die MT wat na Yeshua se koms saamgestel is
10. Die MT gebruik, om een of ander rede, op baie plekke die meervoudvorm "Elohim" vir "God" waar beide die POT en LXX die enkelvoud gebruik.
11. Omdat die NV in Aramees geskryf is, is die aanhalings vanuit die Tanakh meer akkuraat.
12. Al die name is herstel na direkte transliterasie vanuit Hebreeus.
13. The Massorah (§§ 107-15, Ginsburg's edition) gee die 134 plekke waar die Masorete Vader se Naam vervang het in die Hebreeuse MT met die Hebreeuse Adonai. Vader se Naam is hier herstel as יהוה.
14. 250 verskille met die Aramees word in die Masorete se notas aangedui.
15. Die vind van die Qumran rolle het bevestig dat die POT vertaling reg is insake verskeie van die verskille met die MT wat ons dan ook so gebruik het: 1QIsaa in Isa 13:19; 26:3-4; 30:30; 40:7-8 en 1 Sh'm 1:24; 4:31-22; 2 Sh'm 23:31; 2 Kon 11:13; Yir 23:33; 29:26; 41:9...
16. **Eksodus 20:7,11** – Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie onskuldig beskou nie.

**AOV** - Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

17. **Genesis 1:1** – Die eerste woord in die Hebreeus is B'reshet = in begin. Om taalkundige redes is dit vertaal in alle ander vertalings as 'In die begin' alhoewel daar geen "die" is nie. Dit laat die vals indruk dat hierdie die begin van alles was. Hierdie was slegs die begin van 'n tydperk vir God.
18. **Genesis 1:2** – 'en die Gees van God **het gehang** oor die oppervlak van die water.'

**AOV** – 'en die Gees van God **het gesweef** op die waters.' – soos meeste vertalings.

Peshitta: and the Spirit of God **incubated/brooded, hovered** on the surface of waters.

19. **Spreuke 11:25** - Die lewe wat seën, sal verryk word en hy wat vloek sal meer vervloek word.

**AOV** - Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf.

20. **Deut 23:1** - Niemand wat seksueel losbandig leef, mag in die vergadering van יהוה kom nie.

**AOV** - Hy wat deur verbrysing vermink of van wie die manlike deel afgesny is, mag in die vergadering van die HERE nie kom nie.

21. Almah – maagd – **Yes 7:14** - let op, 'n maagd sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun – Ek haal aan: "The etymology of '*almah*' in no way suggests or proves that it means also a married woman. A trained soldier doesn't mean war. A sexually mature girl doesn't imply sex relations. The etymology of *almah* implies a mature virgin and no more."

22. **Yes 6:10** – Hier is dit in die verlede tyd – reeds gedoen en nie 'n versoek dat dit gebeur nie. Die verstand, wil en emosie van hierdie volk het onsensitief geword, hulle ore dig en hulle oë dof sodat hulle nie met hul oë kan sien of met hulle ore kan hoor of met hul verstand, wil en emosie kan verstaan en terugdraai nie en ook word hulle nie vrygespreek nie.”

**AOV** - Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.

23. **Hav 2:11** - Die steen sal sekerlik uitroep van die muur af en die spyker sal dit antwoord vanaf die hout.

**AOV - 11** Want die steen uit die muur roep, en die balk uit die timmerasie gee hom antwoord.  
Ander vertaling het "Beetle."

24. **Num 25:4** - יהוה sê vir Moshe: “Neem al die leiers van die volk en stel hulle bloot in die helder daglig voor יהוה sodat die brandende woede van יהוה van Yisra’el af weggedraai kan word.”

**AOV** - Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toornloed van die HERE van Israel afgewend kan word.

25. **Yes 45:17** - Die verlossing van Yisra’el is in יהוה, die Verlosser van die wêreld; julle sal nie vir altyd gespot of verneder word nie,

**AOV** - Israel word verlos deur die HERE met ‘n ewige verlossing; julle sal nie beskaamd staan of in die skande kom tot in alle ewigheid nie.

26. **Gen 2:2**- teenstrydigheid met **Eks 20:11**

Op die **sesde dag** is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het

**AOV** - En God het op die **sewende dag** sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het.

27. **Hierdie vers is nie in die AOV - Spr 9:19** - Staan nou op en moenie in daardie plek bly nie, moenie na haar kyk nie en gaan so verby die waters van vreemdelinge, gaan oor ’n vreemde rivier en jy moenie drink van die rivier van vreemdelinge nie. Deur so te doen sal ’n menigte dae en jare by jou lewe gevoeg word.

28. **Num 8:10b** "..... want hierdie is ’n dag van die blydskap van יהוה, **Hy is julle Sterkte.**"

**AOV** – 10b .....wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in die HERE—**dit is julle beskutting.**

29. **Yes 28:13** So sal die woord van הוהי vir hulle wees: "Vuilheid is op vuilheid, vuilheid op vuilheid, braaksel is op braaksel, braaksel op braaksel, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" sodat hulle kan gaan en agteruit struikel, gebreek word, in 'n strik val en gevang word.

**AOV - 13** Daarom sal die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstriek en gevang word.

30. **1 Sh'm 2:25 - 25** As een mens teen 'n ander sondig, sal God vir hom intree, maar as 'n mens teen הוהי sondig, wie kan vir hom tussenbeide tree?" Hulle wou egter nie na die stem van hul vader luister nie, want kaam et dood elluh mo reegeb teh הוהי

**AOV - 25** As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as 'n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring.

31. Baie idiome is letterlike vertaal met die betekenis indien nodig. **Gen 2:3 b** "dit wat God geskep het in 'n God-eie manier" - baie woord-letterlik van die sin "**asher bara' elohim la'asot**" - is 'n voorbeeld van 'n Hebreeuse idioom wat meer letterlik vertaal is.

32. Ons het gepoog om alle persoonlike voornaamwoorde wat na die Skepper-God verwys, hoofletters te maak om dit te onderskei.

## Verskille in die Nuwe Verbond

1. Die grootste verskil is in die **oorsprong**. Teenoor 'n Griekse oorsprong vanuit 3 hoof kodekse wat meer as 2000 verskille tussen hulle het en waaruit al die vorige Nuwe Testament vertalings gedoen is, is hierdie vertaling vanuit 'n Aramese oorsprong vertaal. Die idioom is dus meer akkuraat uit die Semitiese i.p.v. westerse kultuur en die begrip duideliker.
2. Vader se Naam is in ongeveer 200 plekke herstel tot יהוה vanaf die Heer / Here vervanging wat deur die Griekse "kuriós" veroorsaak is. Alle persoonlike name is die direkte transliterasie uit Hebreeus om die name konsekwent te hou in Tanakh en Nuwe Verbond.
3. Die volgorde van die boeke volg die Aramese Bybel se volgorde.
4. **Mat 16:16 - Die Gesalfde Een** - Mashiach - dit verwys baie spesifiek na die Een wat belowe is regdeur die Tanakh - die Vervulling van die belofte. Dit is nodig om dit direk, persoonlik en spesifiek te maak. 'Christus' soos dit in die ander vertalings gebruik word, is 'n transliterasie van die Grieks. Dit word deur baie mense verkeerdelik as 'n Naam of Van vir die Verlosser gebruik. Dit is meer as 'n naam, dit is die vervulling van 'n belofte, die Versekerde Verwachting wat waar geword het. Die Gesalfde Een van God - gesalf / aangestel en bekragtig as Koning, Profeet, Lam en Priester, wat gekom het en weer gaan kom.

5. Alle **idiome** is letterlik vertaal met die betekenis in hakkies indien nodig. Dit neem 'n hele paar teenstrydighede uit die Bybel weg. **Mat 5:29:30** en **Mar 9:43-47** - Hier is 'n Aramese idioom “ruk dit uit / kap dit af en gooi dit weg” wat beteken: “Stop dit en laat dit staan.” Dit is nie 'n opdrag om dit fisies af te kap nie. Geen Arameër loop blind rond met afgekapte hande nie! **Luk 11:34; Mat 6:22-23** – Nog 'n Aramese spreekwoord wat nie sin maak as dit woordeliks vertaal word nie – “Goeie oog” beteken om vrygewig te wees en 'n “Bose oog” om suinig te wees. Die betekenis is duidelik in die res van **Mat 6**.
6. **Bygevoegde gedeeltes**: Om teologie te bewys is daar onder andere in die jare 300-600 met die Griekse kodekse gepeuter. **1 Yog 5:7,8** is verwyder aangesien dit nie daar moet wees nie: **6** Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Yeshua Die Gesalfde Een; nie deur water alleen nie, maar deur water en bloed **7** en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die Waarheid. **8** Daar is drie wat getuig: die Gees, die water en die bloed en die drie is in eenheid. **9** As ons die getuienis van 'n mens aanvaar, hoeveel groter is die getuienis van God? Hierdie is die getuienis van God wat Hy aangaande Sy Seun getuig.  
**Die AOV: 7** Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; **8** en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.  
**1 Yog 5:7-8** – Dat hier 'n duidelike en blatante invoeging van (“Want daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader en die Woord en die Gees van Afsondering, en die drie is een”) gemaak is om 'n teologiese punt te bewys oor die “drie-eenheid” het ek min twyfel. Ek stem saam met Dr. David Stern en Dr. Bruce Metzger en haal hulle vrylik in Afrikaans aan: “Dat hierdie woorde oneg is en geen reg het in die Nuwe Verbond nie, is duidelik.” Die redes wat aangevoer word (wat ek as feite gevind het) is: 1. Die gedeelte is in geen geskrif ouer as die vierde eeu te vind nie.  
 2. Dit was onbekend aan die vierde-eeuse Griekse vaders wat dit andersins sou gebruik het in daardie tyd se drie-eenheids kontroversies en debatte.  
 3. Die gedeelte maak 'n onnatuurlike breuk in die betekenis en sin. (A Textual Commentary on the Greek New Testament, Corrected edition 1975, pp 715-717.)
7. **1 Kor 13:3** As ek alles wat ek het vir die armes gee en as ek my liggaam oorgee om daardeur te roem en ek het nie liefde in my nie, dan is dit vir my geen voordeel nie.  
**AOV: 3** En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.
8. **1 Kor 1:21** Aangesien God deur Sy wysheid bepaal het dat die wêreld God nie sal ken deur sy eie wysheid nie, het God dit goedgedink om deur die dwaasheid van die verkondiging, aan die wat vertrou, lewe te gee.  
**AOV: 21** Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red;
9. Die kruiswoorde wat verander het, glo ek het 'n verduideliking nodig. Die Aramees: “Eil, Eil, l'mana shevakthani.” As ons glo dat die hele Skrif dieselfde leer en dat Skrif nie met Skrif kan verskil nie, het ons hier 'n leringsprobleem. As ons glo dit sê “.. waarom het U My verlaat,” dan het ons 'n probleem met **Yog 16:32b**: “Ek sal nie alleen wees nie omdat die Vader by My is.” Ook in **Hebr 13:5, Deut 4:31 en Deut 31:6** belowe Hy om by hulle te wees wat Hom ken en volg. Nou het Hy Yeshua alleen gelos? Dit maak nie sin nie. Hy kan tog nie teen Homself praat nie. Kom ons kyk nou na die Aramese betekenis en moontlikhede uit:

- SEDRA - George A Kiraz
- The Peshitta NT English-Aramaic / A-E Dict. - Glenn David Baucher.
- Lexicon to the Syriac New Testament (Peshitta) - William Jennings MA
- Andrew Gabriel Roth (AENT) van wie ek die argument verwerk het.

Eil (Eli) - Magtige God

l'mana - hoekom? en soms ook wat? – moontlik ook nie 'n vraag nie, maar "hiervoor"

shwektani (shevakthani - Peshitta) - verlaat / wat oorbly (tyd)

In Psalms word “azbatani” gebruik - 'n spesifieke betekenis van ‘om te verlaat.’

Die Aramese shevakthani beteken onder andere dieselfde, maar ook meer. Haal Yeshua die Psalm letterlik aan?

Aan die kruis vervul Hy presies dit waarvoor Hy gekom het en dit is moontlik vir Hom om die lyding in 'n oogwink te stop as Hy wou (**Mat 26:50-54**). In daardie lig, met al die engele tot Sy beskikking en die seën van die Vader op wat Hy doen, hoe op aarde kon Hy selfs vir 'n oomblik verlate voel?

Wat oorbly is om die korrekte alternatiewe betekenis van die woord te gebruik, wat ek glo gedoen is. Die res van die Psalm verwys duidelik na die kruisiging. Ek glo die verhaal verteenwoordig die profetiese verwysing in die Psalms en haal nie noodwendig direk daaruit aan nie.

10. “ܐܢܝܢ ܐܢܝܢ - EK IS, WAS, SAL WEES WIE EK IS, WAS, SAL WEES.” Is uniek tot hierdie vertaling en gee 'n uitspraak van Godsteenwoordigheid deur. Dit kan nie (om grammatikaal eerlik te wees tot die oorspronklike) net EK IS beteken nie. Ek is = ani.
11. **Hand 17:26** - Hy het uit een bloed die hele mensdom op die aarde gemaak, <sup>Gen 3:20; Mal 2:10</sup> om oor die hele aarde te bly terwyl Hy vooraf bepaalde tye in Sy opdragte uitgestip en grense vir hulle lewe vasgestel het **AOV: 26** En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,
12. **Heb 11:1** Vertroue is die oortuiging aangaande daardie dinge wat in versekerde verwagting is, asof dit daardie dinge in aksie is en die openbaring van die dinge wat nie gesien word nie, 2 want deur dít was daar 'n getuienis vir die mense van ouds. 3 Deur vertrouwe verstaan ons dat die wêreld gevorm is deur die woorde van God en die dinge wat gesien kan word, bestaan vanuit die wat nie gesien kan word nie. **AOV: 1** Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. **2** Want daardeur het die mense van die ou tyd getuienis ontvang. **3** Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.
13. Alhoewel dit miskien volgens taalreëls nie heeltemal korrek is nie, het ek besluit om uit respek die besittlike en ander voornaamwoorde deurgaans met hoofletters te skryf wanneer dit definitief na Vader-God / Yeshua / Gees wat Afgesonderd is, verwys, om 'n duidelike verskil aan te dui, aangesien daar soms ook na ander persone in die sinne verwys word.



14. "Loof en Prys" word in die ander vertalings gebruik vir 'n magdom verskillende woorde in die oorspronklike. In hierdie vertaling word elke woord volgens sy betekenis vertaal.

**Woorde wat tradisioneel as loof en prys vertaal is:**

- H1288 - **barak** - kniel en seën
- H1523 - **ghiyl** - swaai van vreugde
- H1524 - **ghiyl** - vreugde
- H1984 - **halal** - duidelike / suiwer lof. - Loof Hom helder en duidelik
- H2167 - **zamar** - sing en maak musiek
- H2172 - **zimrah** - musiek met instrumente
- H3034 - **yadah** - loof en dank met hande uitgestrek
- H4210 - **mizmor** - gedig met instrumentale musiek
- H4234 - **magol** - dans
- H4387 - **miktam** - gedig
- H4885 - **mahsos** - verbly - vreugde
- H4905 - **maskiyl** - lerende gedig
- H5035 - **nevel** - lier
- H5058 - **n'ginah** - snaar instrumente
- H5155 - **n'egilah** - blaasinstrumente
- H5970 - **`alats** - spring van vreugde
- H7318 - **roman** - lofprysing
- H7321 - **ruah** - skree van vreugde
- H7438 - **rou** - lied van bevryding
- H7440 - **rinnah** - blydschap
- H7442 - **ranan** - sing / skree van vreugde
- H7445 - **rnanah** - uitskreeu van vreugde
- H7623 - **shabag** - hard prys
- H7692 - **shiggayon** - loflied (afwyking)
- H7797 - **soes / siys** - vreugdevol
- H7891 - **shur** - sing
- H7892 - **shiyR** - lied
- H8055 - **samag** - verheug
- H8057 - **simgah** - oorweldigende blydschap
- H8067 - **sh'minith** - 8 snaar lier
- H8342 - **sasown** - vreugde
- H8416 - **t'hillah** - lofprysing
- H8426 - **toudah** - vereer met uitgestrekte hande
- H8628 - **taqah** - hande klap
- H8643 - **teru'ah** - uitroep van vreugde / blaas van shofar

15. **Yog 17:5 - 5** Nou, Vader, wees tevrede met My in eenheid met Uselb met die goedkeuring wat Ek by U gehad het voordat die heelal was.

**AOV: 5** En nou, Vader, verheerlik My by Uselb met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

16. **Titus 3:9-11 - 9** maar bly weg van dwase debatte, stories van geslagsregisters, twis en argumente van die leraars van die wet, want dit is onvrugbaar en waardeloos. **10** Onttrek jou van 'n verkondiger van vals leringe ná die eerste en tweede waarskuwing, **11** wetende dat so iemand wat wegdwaal van wat reg is, sondig en homself veroordeel.

**AOV: 9** Maar vermy dwase strydvrage en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos. **10** Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning, **11** wetende dat so iemand op 'n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

17. **Mat 1:16** – Hierdie Yosef is nie Miryam se verloofde / man nie, maar haar voog of vader. Die woord 'Gowra' kan vertaal word as voog / vader / man. Dit los ook die probleem van die 14 geslagte op, wat die daaropvolgende verse stel. Tradisioneel word dit as "man" (husband) vertaal alhoewel die woord vir man (husband) "Ba'la" is.

18. 'Geestelike' woorde is vervang met woorde wat die betekenis korrek deurgee:

**Heilig en heiliges** – ek gebruik in beide gevalle die betekenis van die woorde – nl. om afgesonderd te wees van sonde, afgesonderd tot God.

**Halleluyah - Openb 19:1** en elders - Geskryf in die meervoud-opdragvorm. Yah is 'n verkorte vorm van יהוה. Hallel = om te skyn; sprankel; groot te praat; feesviering; (99x) sing; helder en sigbaar; feesvier; betowerend te wees; laf; helder klank. Die opdragvorm gee dit 'n betekenis van Sing, Lofprys tot יהוה! Met ander woorde – Lofprys יהוה alleen, helder en duidelik,

**Heerlikheid** - Ek vertaal שובח / תשבחות [δόξα] – (“heerlikheid” in die ou vertalings) met “eer, lof en aanbidding” wat 'n meer volledige betekenis gee as dit verwys na dit wat ons vir God bring of enige verwysing rondom die mens. δόξα word gebruik in die LXX (Septuagint) om die “Sh'khinag” te vertaal wat 'n dieper betekenis vanuit die Hebreeus het nl. die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God, wat ek dan op die toepaslike plekke so deurgee.

**Hosannah** - beteken "red ons asseblief."

**Geregtigheid** - צדקה: Geregtigheid en regverdiges: hierdie is regstermes en het albei dieselfde gevolg, naamlik dat die persoon onskuldig is, volgens die wet; dit is: om onskuldig te wees of onskuldiges. Soms is dit vanuit die betekenis, וְדִקְרוּתָא, van pas en meer korrek om dit as onpartydige opregtheid te vertaal = reg volgens die wet = onskuldig.

**Dissipel** - 'n direkte transliterasie uit Latyns en 'n woord wat nie ten volle verstaan word in Afrikaans nie. Ek gebruik die beskrywende 'studentevolgeling.' Iemand wat leer deur te volg en te luister.

**Shalom** - Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid en veiligheid!!

**Amen** - Dit is waar

**Sinagoge** = Die naaste begrip wat ons het, is die gemeentes of bymekaarkomplekke – die sinagoge is egter baie meer as dit – 'n bymekaarkomplek van die mans, 3 maal per dag, om die Boodskap van God te oordink en 'n simbool van hulle eenheid en afhanklikheid. As die gemeente só die sentrum van ons lewe was, dan kon ons dit met die gemeente vergelyk. Ek gebruik 'plekke van bymekaarkoms' omdat 'sinagogs' 'n Griekse woord is vir כנסת 'kneset' (Hebreeus) en כנושתא 'knoeshta' (Aramees).



19. **Mat 2:2** Oral in die Nuwe Verbond waar die begrip ‘Jode’ gebruik word, kan eintlik die letterlike vertaling van ‘Y’udahiete’ – mense van Y’udah, gebruik word. Dit verwys dus ook nie noodwendig na die Jood as godsdienstgroep nie, maar as inwoners van die provinsie van Y’udah. Dit het ’n verkeerdelike, maar algemeen aanvaarde, term geword van almal wat nageslag van Avraham is.
20. **Yog 12:11** – ’n Woord wat deur die Griekse vertalers vanuit die Aramees verkeerd verstaan is, is die gebruik in Hebreeus en Aramees van die woord lza wat gewoonlik met ‘om te gaan’ vertaal word, maar dikwels idiomaties gebruik word en aandui dat aksie voortgaan en meer en meer gedoen word, soos hier in **Yog 12**.
21. **Mat 6:2** – ‘Geveinsdes’ is ’n voorbeeld van ’n woord, wat se betekenis korrek is, maar te hoogdrawend is vir ’n betekenis wat eintlik neerhalend moet wees. Die oorspronklike verduidelikende betekenis “aannemers van gesigte” word deurgegee in sy betekenis as ‘toneelspelers van ’n vals karakter.’
22. **Mat 24:31** en 7 plekke in Open – Shofar i.p.v. trompet.
23. Vertroue = aktiewe geloof – die woord ‘glo’ en ‘geloof’ in ’n passiewe vorm word baie weinig in die Bybel gebruik. Geloof is om te weet - vertroue is om te doen. מְדַמֵּינִין - word hiervolgens in sy korrekte betekenis vertaal, wat die waarheid insluit. Vertroue in die waarheid. Dit is ook ’n beter weergawe van die Hebreeuse “emunah” begrip uit die Tanakh, wat ook nooit ’n passiewe geloof verkondig nie.
24. **Mat 24:34** - “hierdie geslag sal nie verbygaan” in ander vertalings, maak Yeshua tot leuenaar. Die woord in Aramees is ‘shin resh beth tau aleph’ atbr’ en beteken, behalwe vir geslag, ook familie, ras of volksgroep en stam. Dit verwys eerder na Yisra’el as nasie en volk.
25. **Mar 2:23** en ander plekke – **Shabbat**. Dit verwys elke keer na die sewende dag wat God vir Homself afgesonder het lank voor die wet aan Moshe gegee is of die volk Yisra’el bestaan het – reeds van die skepping af, Gen 2:3. Dié sewende dag is onveranderd as die dag wat vir Hom afgesonderd is, gegee. Hier gebruik ons die naam Shabbat met hoofletters omdat dit die naam van die dag is (Rusdag). Aangesien Roomse tradisie die rusdag as die eerste dag van die week beskou, is dit nodig om die oorspronklike Hebreeuse transliterasie te gebruik om die regte dag aan te dui.
26. **Eks 31:3; Luk 4:21** en elders: die woord wat vertaal word met ‘vervul’ beteken om vol te maak, volledig te maak of die doel te bereik en nie dat dit verval het nie. Dit is baie belangrik vir die ganse Nuwe Verbond en om meeste van die verwysings daarin na veral die wet, instruksies en opdragte van God (Torah en Mitzvot), reg te verstaan. Niks wat God verklaar het om vir alle tye te wees, verval nie, maar word volledig gemaak en gaan met meer volledige waarde en betekenis voort in Yeshua.
27. **Yog 1:1** en ander: “Boodskap” מְלִאָּה beteken nie net die gesproke of geskrewe woord nie, maar sluit die betekenis, rede, motief en argument agter die woord in; dus die boodskap. Ek besef dat ’n tradisionele konsep hier ter sprake is, maar ‘Woord’ gee nie die volledige betekenis deur nie en lei tot verkeerde afleidings.

## Kopiereg

Kopiereg op die inhoud behoort aan die Lewende, Skepper-God, יהוה, alleen.  
U is welkom om dit onveranderd te gebruik in enige leer of skrywe, met erkenning:  
"Die Pad van Waarheid tot die Lewe" of net "PWL".

**Geen deel hiervan mag verkoop word nie. Sy Woord is gratis.**  
Hierdie lering is gratis aflaaibaar vanaf die webwerf of by ons persoonlik te kry.

Besoek ons by: <http://www.padwlewe.ch> vir meer inligting oor die PWL-vertaling wat gebruik word.

Enige navrae kan gerig word aan [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch)

*"Hulle aan wie Hy nie verkondig is nie,  
sal sien en hulle wat nie gehoor het nie,  
sal verstaan."*